

27 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 21:33-46

Fokusgedeelte: Matteus 21:43

God se koninkryk is 'n kosbare skat

Daar is seker geen mens wat ongeërg is oor wat met sy besittings gebeur nie. Jy doen moeite om te sorg dat dit veilig is en joune bly, of dit nou 'n luukse motor of 'n ou motorfiets, of dit nou miljoene rand se beleggings of die paar rand is wat jy maandeliks spaar! Ons probeer dit bewaar.

Jesus herinner ons hier daaraan dat om Hom te ken en te dien 'n kosbare voorreg is wat ons dankbaar moet waardeer en koester. In dié gelykenis wil die huurders dit wat die eienaar bewerk en opgebou het, eiewillig en gulsig vir hulleself opeis en die eienaar misken.

Die priesterhoofde en die Fariseërs het besef dat Jesus met die gelykenis verwys na hulle wat God se boodskappers en selfs sy Seun verwerp het sodat hulle sy koninkryk kon vermink soos hulle dit wou hê. Hulle het gemaak asof God se Woord en die diens aan Hom en al die werk in sy koninkryk aan hulle behoort. In “hulle godsdiens” was daar al hoe minder plek vir God en sy wil. Hoe meer mense Hom en sy Woord eiegeregtig op die agtergrond skuif en hulle eie idees en gebruike wil handhaaf, hoe groter word die moontlikheid dat Hy nie meer as Koning en Here gedien word nie.

Die vrug van 'n ware geloof is dat die Here werklik God in ons lewe is, die Here alleen. Moet nie toelaat dat iets jou daarvan beroof nie. Waak biddend en in die helder lig van sy Woord oor die kosbare skat wat God aan jou toevertrou het.

Sing: Psalm 118 :11, 12 (1936-beryming)

Ds. Nico Botha (Emeritus)